

HOOFSTUK 2

LEES-, MEDIA-, EN INLIGTINGSBEHOEFTE VAN KINDERS

2.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 sal aandag gegee word aan kinders se inligtingsbehoefte. Die vier kategorieë waarin kinders se inligtingsbehoefte gedeel kan word, sal in diepte bespreek word, naamlik basiese inligtingsbehoefte, inligtingsbehoefte wat verband hou met die ontwikkelingsstadia van kinders, kurrikulêre inligtingsbehoefte en persoonlike inligtingsbehoefte. Die lees- en gebruikgedrag van die groep sal ook kortliks behandel word.

2.2 KATEGORISERING VAN INLIGTINGSBEHOEFTE

Volgens Fourie en Kruger (1995:226) kan kinders se lees-, media- en inligtingsbehoefte afgelei word uit 'n studie van basiese menslike behoeftes wat verband hou met verskillende stadia van ontwikkeling en die omgewings- en opvoedkundige faktore wat die raamwerk vorm van hulle daaglikse lewe. Hiervolgens word inligtingsbehoefte ingedeel in die volgende vier kategorieë, naamlik:

- Basiese inligtingsbehoefte;
- Inligtingsbehoefte wat verband hou met die ontwikkelingsstadia van die kind;
- Kurrikulêre inligtingsbehoefte;
- Persoonlike inligtingsbehoefte.

2.2.1 Basiese inligtingsbehoefte

Dit is belangrik om die basiese inligtingsbehoefte van kinders te verstaan, want dit kan daartoe lei dat die regte boek op die regte tyd verskaf word. Dit kan ook lei tot 'n beter begrip van die effektiwiteit en toepassing van leesterapie (Schultheis 1972:12).

‘n Kennis van die basiese inligtingsbehoefte van kinders kan daartoe lei dat kinders beter verstaan word en dat insig in die gedrag van kinders verkry word. Dit kan ook ‘n volwassene in staat stel om onder andere deur middel van boeke kinders te help om hulself te verstaan en te aanvaar (Schultheis 1972:12).

Boeke wat die basiese inligtingsbehoefte van kinders reflekteer en bevredig, kan kinders help om hulself en ander beter te verstaan. Dit kan egter ook volwassenes in staat stel om kinders (hul eie of dié waarmee hul werk) beter te verstaan en met hul empatie te hê (Sutherland 1996:15-6).

Basiese inligtingsbehoefte is veral deur skrywers soos Sutherland (1996:15-21) afgelei uit basiese behoeftes van die mens soos deur Maslow se hiërargie uitgebeeld word. Die skrywer onderskei die volgende behoeftes wat deur die lees van boeke voorsien kan word.

2.2.1.1 Behoeftes aan sekuriteit

Een van die mens se dringendste behoeftes is die behoefte aan sekuriteit. Dit gaan veral vir die mens om materiële sekuriteit. Die gebrek aan materiële sekuriteit en die behoefte daaraan is dan ook dikwels die tema van boeke. ‘n Hartverskeurende voorbeeld is die ware verhaal van die tienjarige Ester (*The endless steppe* deur E. Hautzig) wat in 1941 deur die Russe gearresteer word en na Siberia gestuur word. Sy gebruik haar vermoëns om haar gesin aan die lewe te hou. Haar ma som dit goed op as sy sê (Hautzig 1968:123):

She is only twelve years, she helps keep house like a little old woman, she studies like a Talmudic scholar, she carries bricks back and forth.

Snyman (1983:39) voeg hierby dat die mens nie alleen ‘n behoefte het aan materiële sekuriteit nie, maar ook aan emosionele en geestelike sekuriteit. Kinders het ‘n behoefte aan iemand wat trots is op hul sukses, jammer is oor hul mislukkings en hul ambisies met hul deel. Kinders se emosionele

sekuriteit word bedreig deur ongelukkige huislike omstandighede, gebroke huise en gereelde verhuising. 'n Uitstekende voorbeeld van 'n kind wat smag na huislike geluk en emosionele sekuriteit is Gilly in *The great Gilly Hopkins* (Paterson 1978). 'n Verwarde, verwerpte kind wat haarself in pleegsorg bevind. Sy probeer vlymskerp en hard optree, maar is tog net 'n verwarde kind wat liefde wil hê. Ten spyte van haar vlymskerp optrede is sy in staat om liefde te gee soos duidelik blyk uit die deel waar sy uitreik na meneer Randolph (Paterson 1978:97):

But neither spoke, so she took Mr Randolph's hand, instead of the elbow as she usually did, as a kind of thank you.

Beide verhale is opreg en behoort tot kinders in soortgelyke en gelukkige omstandighede te spreek.

2.2.1.2 *Behoeftte om lief te hê en lief gehê te word*

Kinders het 'n sterk behoefte aan liefde. As dit op een wyse nie bevredig word nie, sal kinders 'n plaasvervanger daarvoor soek. Kinders wat verwerp voel, kan 'n abnormale hoeveelheid liefde uitstort op 'n dier of 'n voorwerp wat volgens hulle verwerp is. Kinders se eerste ondervinding van liefde is binne die gesin. Verhale oor gesinslewe kan diegene wat 'n gelukkige gesinslewe het, attend maak daarop. Dit kan voorkom dat hulle dit as vanselfsprekend aanvaar. Verhale kan dus die betekenis van hul gesin vir kinders versterk. Dit kan egter ook as 'n plaasvervanger dien vir kinders wat nie 'n gelukkige gesinslewe het nie. Kinders se sterk behoefte om lief te hê en lief gehê te word, kom sterk na vore in Calvin se roerende woorde in *A wrinkle in time* deur M. L'Engle (1962:41):

But I love her. That's the funny part of it. I love them all, and they don't give a hoot about me. Maybe that's why I call when I'm not going to be home. Because I care. Nobody else does. You don't know how lucky you are to be loved.

2.2.1.3 *Behoeftte om te behoort*

Die behoefte om te behoort spruit voort uit die behoefte aan sekuriteit. Kinders het 'n sterk behoefte om aan 'n groep te behoort en deur hulle aanvaar te word. Schultheis (1972:12) wys daarop dat kinders 'n behoefte het om aanvaar te word soos hulle is – ten spyte van verskille tussen individue in die groep. Kinders se behoefte om te behoort begin met die gesin en brei uit na maats. Verhale behoort dit te weerspieël. Verhale kan ook insig bied aan kinders wat nie aan 'n groep behoort nie. Verhale waarin kinders wel later 'n aanvaarde plek binne 'n groep verwerf, kan bevrediging bied. 'n Goeie voorbeeld van 'n kind wat deel is van 'n gelukkige gesin, maar tog graag ook deel wil wees van 'n groep, is Sally in *Starring Sally J Friedman as herself* (Blume 1977). Sally word aan die diep kant ingegooi toe hulle gesin moet verhuis ter wille van haar broer se gesondheid. Sy wil baie graag deel wees van die groep, maar voel aanvanklik geïsoleerd omdat die kinders by haar nuwe skool dinge anders doen as by haar vorige skool. Die verhaal verloop baie bevredigend omdat sy dit wel later regkry om haar plek in die groep te kry.

Weens veranderende sosiale omstandighede en massamedia is kinders baie meer bewus van sosiale ongeregtighede wat kinders kan laat met die gedagte of gevoel dat hulle nie behoort nie. Dit is belangrik dat verhale die wêreld van minderheidsgroepe sal weerspieël, maar dit is veral baie belangrik dat die verhale sal toon dat hul nie bloot net verdra word nie, maar dat hulle aanvaar word. Dit is belangrik dat verhale die idee moet weergee dat mense almal dieselfde is en dinge dieselfde ervaar (Thompson 1995:90).

'n Verhaal wat sosiale ongeregtighede puik uitbeeld, maar terselfdertyd nie die karakters te na kom nie, is *Charlie se huis* deur R. Schermbrucker (1989). 'n Beeld van hoe arm mense leef en waarmee hulle te kampe het, word met illustrasies en woorde oorgedra. Dit was vir hierdie navorser interessant om 'n lesertjie se versugting te hoor om ook so 'n lekker modderhuis te maak nadat sy dit gelees het. Die warmte van gesinslewe en die skelmstreke van die bouers het ook op haar 'n indruk gemaak.

2.2.1.4 Behoeftte om iets te bereik

Om gelukkige goed aangepaste kinders te wees, moet kinders 'n gevoel van tevredenheid hê dat hul op 'n gebied vaardig is. Kinders het ook 'n behoefte daaraan om dinge gedoen te kry sonder die hulp van volwassenes. Die verwerwing van vaardigheid op 'n gebied vergoed dikwels ook vir verwerping en is 'n tree nader aan aanvaarding. Die karakter Doone in *Thursday's children* deur R. Godden (1984) is verwerp deur sy ma omdat hy nie 'n dogter was nie. Doone het dus grootgeword in die skadu van sy suster Christel met haar ballettalent. Danksy 'n voormalige sirkusartieste, Bibo, is Doone se eie vaardigheid ontwikkel en word hy later 'n balletdanser van buitengewone formaat wat aanvaar en bewonder word deur sy gesin. Hierdie stryd om 'n vaardigheid te bekom, sluit mislukking en teleurstelling in. Schultheis (1972:13–14) wys dan ook daarop dat dit belangrik vir kinders is om hulself te ken sodat hul realistiese doelstellings kan stel. Verhale kan kinders help om insig in hul probleme asook 'n beter begrip van hulself en ander te verkry. Verhale kan kinders ook help om mislukking te verwerk sodat dit nie vir hulle 'n einde is nie, maar 'n nuwe begin. 'n Aangrypende verhaal van 'n seun se stryd om met sy haggelgewoonte saam te leef, is dié van Danie in *My kat word herfs* deur B. Hough (1986). Die karakter word voorgestel met al sy menslike swakhede en sy klein oorwinnings.

2.2.1.5 Behoeftte aan kennis

Kinders het volgens Spink (1989:30-35) 'n sterk behoefte aan geloofwaardige en betroubare inligting. Boeke en ander media kan hierdie tipe inligting oor alle onderwerpe in privaatheid verskaf. Boeke bied dan ook aan kinders die geleentheid om te ervaar sonder om die gevolge te dra. Boonop kan hulle ook enige oomblik die leesaksie self staak.

2.2.1.6 *Behoeftte aan ontspanning*

Kinders gaan onder geweldige druk gebuk veral vanweë hul roetine, die noodsaaklikheid om aan te pas, vrees vir mislukking en gevoelens van minderwaardigheid. Kinders het ook met baie feite te doen en moet baie vaardighede bemeester. 'n Sterk behoefte bestaan dus by kinders om te ontspan en te ontsnap. 'n Boek kan op 'n gesonde manier hiervoor voorsiening maak. Boeke wat 'n puik geleentheid bied om te ontspan en te lag, is dié van Dr Seuss. 'n Boek soos *Green eggs and ham* gee gou-gou die geleentheid vir die uitdink van lawwe rympies 'n Lang pad is al meer as een keer vir kinders kort gemaak deurdat hulle hul eie rympies uitgedink het wat aansluit by Sam se woorde (Seuss 1960:59) :

Sam!
I like green eggs and ham!
I do! I like them Sam-I-am!
And I would eat them in a boat.
And I would eat them with a goat.

Die tweeling Ruby in *Double Act* deur Jacqueline Wilson (1995a) som die gevoel oor lees net vir die lekker op as sy met verwysing na *Sweet Valley Twins* sê: "It reads nicy and easy".

2.2.1.7 *Behoeftte aan die estetiese*

Die inhoud sowel as die tegniese versorging van boeke kan in die behoefte aan die estetiese voorsien. Om optimaal by te dra tot kinders se ontwikkeling moet hulle aan 'n wye verskeidenheid verhale blootgestel word.

2.2.2 Inligtingsbehoefte wat verband hou met die ontwikkelingstadia van kinders

Kinders het sekere inligtingsbehoefte wat verband hou met hul stadia van ontwikkeling. Fitzgibbons (1983:9) wys byvoorbeeld daarop dat kinders 'n behoefte het aan materiaal wat hul fisiese, geestelike en emosionele groei op verskillende stadia van ontwikkeling sal steun en stimuleer.

Ten opsigte van ontwikkeling is dit ook belangrik om te onthou dat die kind as individu 'n geheel is. Die verskillende aspekte van sy ontwikkeling geskied nie in isolasie nie, maar beïnvloed mekaar wedersyds. So sal die fisiese ontwikkeling van die kind byvoorbeeld 'n invloed uitoefen op sy sosiale ontwikkeling (Bukatko & Daehler 1998:9). Daar moet egter te alle tye in gedagte gehou word dat alle kinders individue is wat teen hul eie tempo ontwikkel (Spink 1989:17).

Dit is belangrik om kennis te dra van die ontwikkelingsstadia van kinders, want dit vertel vir ons van kinders en wat hulle op sekere ouderdomme behoort te geniet. Kennis van die eienskappe van kinders op 'n bepaalde ontwikkelingsstadia speel dus ook 'n belangrike rol by die keuse van verhale vir kinders (Sutherland 1996:21). Palmer (1995:15) wys egter daarop dat kennis van die ontwikkelingsstadia met omsigtigheid hanteer moet word, omdat kinders hulself dikwels as te ware in 'n mengsel van stadia bevind en omdat hulle boeke verkies om ander redes as wat 'n studie van die stadia suggereer. Kennis van die ontwikkelingsstadia behoort nie 'n bloudruk te wees om boeke en ontwikkelingsstadia te laat pas nie.

2.2.2.1 Intellektuele ontwikkeling van kinders

Volgens Lefrançois (1992:63) is daar twee belangrike benaderings in die studie van die intellektuele ontwikkeling van kinders, naamlik Piaget se benadering en die inligtingverwerkingsbenadering.

a. Piaget se benadering

Jean Piaget, 'n Franssprekende Switser, se beskrywing van die intellektuele ontwikkeling van kinders is nie alleen wyd bekend nie, maar dit vorm ook die basis vir baie navorsing (Louw *et al* 1991:75).

Piaget verdeel die intellektuele ontwikkeling van kinders in vier belangrike stadia wat aan bepaalde ouderdomsgroepe gekoppel word. Volgens Piaget

volg die stadia opmekaar en gaan kinders daardeur sonder om enige van die stadia oor te slaan. Elke stadium is dan inderdaad ook afhanklik van die ontwikkeling in die voorafgaande stadium. Wat kinders op 'n gegewe stadium weet of verstaan word sterk beïnvloed deur dit wat die kind alreeds weet of verstaan. Elke stadium kan beskou word as 'n voorbereiding vir die volgende stadium (Du Toit & Kruger 1991:80; Bukatko & Daehler 1998:254-255). Alhoewel die ontwikkelingsstadia aan ouderdom gekoppel word, moet daar in gedagte gehou word dat Piaget ontwikkeling beskou as 'n deurlopende proses van opeenvolgende veranderinge. Die klem word eerder geplaas op die volgorde van die stadia as op die ouderdomsvlak waarop dit plaasvind. Kinders bereik dikwels die stadia vroeër of later as die norm. Faktore wat hier 'n sterk rol speel, is omgewing en leergeleentheid (Bukatko & Daehler 1998:225; Lefrançois 1992:65-66).

Alhoewel daar kritiek gelewer word op Piaget se teorieë ten opsigte van die intellektuele ontwikkeling van kinders - kritiek word veral gemik op die ouderdom wat hy koppel aan elke stadium – bly sy navorsing 'n nuttige grondslag vir die bestudering van kinders se intellektuele ontwikkeling.

Piaget (Bukatko & Daehler 1998:255-260; Lefrançois 1992:66-676) onderskei die volgende vier stadia:

(i) Sensories-motoriese stadium (± 0 – twee jaar)

Gedurende hierdie stadium ervaar die kind die wêreld grootliks deur aksie en sensasie. Aanvanklik is die wêreld slegs vir die kind 'n werklikheid as hy dit kan ervaar. Teen die einde van die tweede lewensjaar begin die kind beseef dat voorwerpe 'n eie identiteit het, dit wil sê dat 'n objek kan bestaan al kan hy dit nie sien nie (Lefrançois 1992:66; Bukatko & Daehler 1998:255-257).

(ii) Pre-operasionele stadium (\pm twee tot sewe jaar)

Die vernaamste kenmerk van hierdie stadium is die verwerping van taal. Die kind se redenering berus nou op persepsie eerder as logika. In die stadium is

kinders egosentries – hulle kan nie hul perspektief skei van 'n ander se perspektief nie (Lefrançois 1992:67; Bukatko & Daehler 1998:257-258).

(iii) Konkreet-operasionele stadium (± sewe tot 11 jaar)

Gedurende dié stadium begin kinders om logies te dink. Hulle logika berus op ware konkrete voorwerpe en gebeure. Hierdie kinders is egter nog nie in staat om logies te redeneer oor hipotetiese situasies of gebeure nie (Lefrançois 1992:67).

Kinders in die ouderdomsgroep van agt tot elf jaar bevind hulle volgens Piaget in die konkreet-operasionele fase (Louw *et al* 1991:331). Kinders wat hulle in die stadium van konkrete operasies bevind, betree 'n nuwe vlak van self-ontwikkeling wat hulle in staat stel om hul verbintenis met ander beter te verstaan, beter te kommunikeer en om omkeerbaarheid te verstaan (Sutherland & Arbuthnot 1991:24-28). Gedurende die konkreet-operasionele fase verander die kind se denke geweldig.

Kinders in die ouderdomsgroep se denke is nou nie meer intuïtief nie, maar word toenemend logieser. Hulle is nou in staat om verskillende aspekte van 'n saak te oorweeg (Du Toit & Kruger 1991:116). Hulle denke word egter ook gekenmerk deur die afwesigheid van abstrakte denke. Hulle denke hou verband met konkrete voorwerpe en nie met hipoteses wat verbaal of abstrak gestel word nie (Bukatko & Daehler 1998:260). Kinders in die ouderdomsgroep begin dan om logika toe te pas op konkrete ondervindings. Hulle beweeg nou verder as een-dimensionele denke en kan een gebeurtenis in verband bring met 'n ander. Hulle ontdek dat hulle dinge vir hulself kan uitredeneer en begin nou om speurverhale te geniet (Tucker 1981:105). Sutherland (1996:356) wys dan ook daarop dat dit vir kinders 'n speletjie is om 'n geheim op te los. Sy beklemtoon dat goedbeplande spanningsverhale kan help om logiese denke te ontwikkel.

Kinders in hierdie groep probeer steeds om die wêreld meer verstaanbaar en hanteerbaar te maak. Hul openbaar nou 'n groter objektiwiteit. Hul stel belang

in die werklike oorsake van verskynsels en gebeure. Hulle is nou nie meer tevrede met sprokiesagtige en magiese verklarings van verskynsels en gebeure nie, maar het 'n behoefte aan realistiese verklarings van verskynsels (Du Toit & Kruger 1991:114). Kinders, in die ouderdomsgroep, geniet byvoorbeeld 'n legende oor hoe sebra sy strepe gekry het, maar hulle wil nou weet waarom dit werklik so is. Alhoewel die kinders hul kennis toenemend logies organiseer, bly dit geïsoleerd en gesegmenteerd. Kinders in die groep geniet dit dan ook om te ontsnap van spanning deur hul denke te manipuleer en fenomene te verstaan. Vir hulle is die lewe werklik en ernstig en ontsnapping essensieel (Gillespie & Connor 1975:175). Kinders begin nou om omkeerbaarheid te verstaan. Hul besef dat 'n situasie omgekeer kan word na 'n oorspronklike situasie (Lefrançois 1992:453).

Gedurende hierdie stadium ontwikkel kinders se konsep van tyd. Hierdie ontwikkeling stel hulle in staat om in die verlede en in die toekoms te dink. Hulle kan nou gebeure volg van die begin tot einde en omgekeerd. Hulle kan dus nou begin om terugflitse te begryp in verhale. Hulle begin nou ook om toekomsfiksie te geniet (Sutherland & Arbuthnot 1991:28). Gedurende hierdie stadium geniet hul historiese fiksie en veral biografieë. Sutherland (1996:433-437) wys dan ook daarop dat kinders in dié ouderdomsgroep alles wil weet omtrent hul helde en heldinne – dit sluit in almal van ontdekkers tot sportsterre. Hulle verkies dat die biografieë aksiebelaaide verhale moet wees wat vertel wat hulle helde en heldinne bereik het. Dit is ook vir hul belangrik dat die verhale akkuraat moet wees.

'n Belangrike verandering in die denke van die kinders is dat egosentrisme grootliks afneem. Hul begin nou verstaan dat mense se persepsies, gevoelens en geloof kan verskil van hulle sin. Hulle is in staat om hulself in die posisie van 'n ander persoon te plaas of in te dink. Die kinders kan nie alleen 'n ander persoon se standpunt insien nie, maar kan ook weens samesprekings hul eie standpunt wysig (Louw *et al* 1991:332; Bukatko & Daehler 1998:260). Realistiese verhale, dit wil sê verhale met 'n akkurate weergawe van die daaglikse lewe, is dus baie belangrik vir kinders in die groep. Die verhale stel hul in staat om die probleme en aktuele sake van hul

die lewens beter te verstaan, met ander empatie te hê en insig te verkry in menslike verhoudings (Sutherland 1996:217).

Kinders in hierdie ouderdomsgroep is versamelaars – nie alleen van dinge nie, maar ook van feite. Net soos hulle dinge wat hulle versamel, organiseer en klassifiseer, versamel, organiseer en klassifiseer hulle brokke kennis en inligting. Sodoende integreer hulle nuwe kennis met hulle bestaande kennis. Kinders in die groep se belangstellings is universeel – enige iets onder die son is vir hulle van belang en het die vermoë om hul aandag te hou (Gillespie & Connor 1975:173-174). Thorpe (1988:54-58) wys daarop dat kinders in die groep 'n groot verskeidenheid binnenshuise aktiwiteite het waarin hulle belang stel: lees, televisie, speletjies, familie-aktiwiteite, handwerk, musiek, rekenaars en troeteldiere. Sy is van mening dat die kinders wat in so 'n verskeidenheid aktiwiteite geïnteresseerd is nie noodwendig minder lees nie. Whitehead (1977:170-173) het gevind dat dit juis die kinders in die groep is wat baie lees wat ook by ander aktiwiteite betrokke is.

Stroufe *et al* (1992:411) wys daarop dat kinders se denke gedurende hierdie stadium 'n geweldige verandering ondergaan. Kinders se kognitiewe vaardighede verbeter baie gedurende die stadium omdat hulle 'n groot deel van hul dag in die skool deurbring. 'n Belangrike kenmerk van die stadium is die groot verbetering in die kind se taalgebruik en woordeskat (Du Toit & Kruger 1991:114). Whitehead (1977:170-173) wys daarop dat kinders in die groep besig is om die leesgewoonte aan te leer en dat dit duidelik is dat hulle dit baie geniet. Daar is diegene wat dit later sal los omdat hulle nie intrinsiek gemotiveerd is nie en omdat hulle nooit werklik deur 'n boek bekoor is nie.

Dit is baie belangrik om ingedagte te hou dat kinders in hierdie stadium ywerige en entoesiastiese leerders is. Hulle is vol energie en gretig om nuwe belangstellingsvelde te verken. Hulle moet die geleentheid kry om navorsing te doen in verband met hul belangstellingsveld (Du Toit & Kruger 1991:119).

(iv) *Formeel-operasionele stadium (± 11 jaar en ouer)*

Gedurende die stadium is die kind in staat om logies en abstrak te dink. Die kind ontwikkel nou sterk idealisme (Bukatko & Daehler 1998:260)

b. Inligtingsverwerkingsbenadering

Die ander belangrike benadering ten opsigte van navorsing oor die intellektuele ontwikkeling van kinders, is die inligtingverwerkingsbenadering. Die benadering konsentreer hoofsaaklik op prosesse wat betrekking het op geheue, byvoorbeeld sortering, organisering en herwinning (Lefrançois 1992:63). Hierdie benadering wil nie Piaget se teorieë vervang nie, maar dit aanvul. Anders as Piaget beklemtoon die benadering dat kinders se manier van inligtingverwerking verskil en dat kennis van volwassenes se denke ons begrip van die denke van kinders positief beïnvloed (Louw *et al* 1991:81).

2.2.2.2 Fisiese ontwikkeling van kinders

Fisiese ontwikkeling verwys na liggaamlike groei. Dit geskied aanvanklik baie vinnig. Gedurende die kind se eerste twee lewensjare neem hul massa gewoonlik viervoudig toe. Daarna tot adolessensie vind ontwikkeling meer geleidelik plaas. Die mees dramatiese fisiese ontwikkeling geskied tydens adolessensie (Du Toit & Kruger 1991:29-31).

Gedurende fisiese ontwikkeling vind daar motoriese ontwikkeling plaas en word sekere motoriese vaardighede bekom en verfyn. Sekere motoriese mylpale word ook van tyd tot tyd bereik (Du Toit & Kruger 1991:30-32).

Kinders se fisiese ontwikkeling kan ook afwykings van die norm toon. Individue binne dieselfde ouderdomsgroep kan baie van mekaar verskil (Bukatko & Daehler 1998:148).

'n Belangrike aspek van fisiese ontwikkeling is dat dit sosiale, emosionele en kognitiewe aspekte van ontwikkeling beduidend beïnvloed en beduidend

daardeur beïnvloed word. Die voorkoms van 'n persoon bepaal byvoorbeeld dikwels hoe ander teenoor hom of haar optree. 'n Kind wat langer is as sy portuurgroep word dikwels hanteer asof hy ouer is as sy chronologiese ouderdom (Bukatko & Daehler 1998:144-148).

Alhoewel kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar baie stadiger groei as voorskoolse kinders en adolessente vind daar geweldige veranderings plaas (Lefrançois 1992:441). Die veranderings vind hoofsaaklik plaas in die liggaamsproporsies van die kinders, byvoorbeeld die maag word platter terwyl arms en bene langer word. Kinders in die ouderdomsgroep se liggame begin ook nou die vorm van dié van volwassenes aanneem (Du Toit & Kruger 1991:108).

Motoriese vaardighede ontwikkel baie tydens hierdie fase. Heelwat nuwe vaardighede word ontwikkel omdat daar 'n toename is ten opsigte van krag, koördinasie en spierbeheer. Kinders in die ouderdomsgroep geniet dit om aan aktiwiteite deel te neem wat motoriese vaardighede vereis: hardloop, spring, fietsry, skopfietsry, rolskaats, swem, moderne danse, balspele en ballet (Louw *et al* 1991:328). Die fisiese vitaliteit van kinders in hierdie stadium kan gekoppel word aan hul liefde vir avontuurverhale. Gedurende hierdie stadium is sportstories ook baie gewild by kinders. Sutherland (1996:443) wys dan ook daarop dat kinders in die ouderdomsgroep net belang sal stel in verhale oor beroepe as daar volop aksie in is.

Alhoewel die fisiese ontwikkeling van die groep plaasvind volgens 'n voorspelbare patroon, kom daar groot individuele verskille voor (Du Toit & Kruger 1991:108). Geslag speel 'n rol by die verskille wat voorkom. Seuns in die ouderdomsgroep se motoriese vaardighede is gewoonlik beter ontwikkel as dié van dogters. Hulle kan gewoonlik verder spring en vinniger hardloop as die meisies. Dogters se motoriese vaardighede wat ritmiese bewegings of balans vereis, is gewoonlik beter ontwikkel as dié van seuns. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar altyd uitsonderings is (Lefrançois 1992:495). Geslagsverskille kom nie alleen voor ten opsigte van motoriese vaardighede nie, maar ook ten opsigte van die groeiproses. Dogters groei vanaf ongeveer

nege tot tien jaar vinniger as seuns. Hulle is gewoonlik nou langer as seuns en behou meer vetweefsels. Hulle ontwikkel sagter en ronder kontoere terwyl die seuns se liggame meer gespierd word (Louw *et al* 1991:328). Verhale wat handel oor liggaamlike veranderings wat plaasvind, kan nou 'n belangrike rol speel. Dit kan in privaatheid aan kinders inligting verskaf en terselfertyd kan dit 'n belangrike rol speel om kinders te laat besef dat dit wat met hul gebeur normaal is. 'n Uitstekende verhaal oor die fisiese ontwikkeling van dogters is Judy Blume se *Are you there God? It's me, Margaret* (1970). Met humor en eindelose begrip spreek sy uiters sensitiewe kwessies soos menstruasie aan. Vir seuns is daar haar ewe uitstekende *Then again maybe I won't* (1979) oor 'n seun se seksuele ontwaking. Beide verhale is waardevolle gespreksvertrekpunte vir ouers met kinders in die groep – dit is egter baie belangrik dat ouers die boeke self sal lees.

Hierdie fisiese verskille is nie net beperk tot die teenoorgestelde geslag nie, maar kom ook voor by kinders van dieselfde geslag. Hierdie verskille kan 'n groot bron van verleentheid wees, want dit is 'n tydperk in kinders se lewens waar die goedkeuring van die groep baie belangrik is. Dit is immers nie lekker om kop en skouers bo jou maats uit te troon nie. Kinders wie se liggaamsbou baie van die groep se bou verskil, koester dikwels negatiewe gevoelens teenoor hul liggame (Lefrançois 1992:442). Realistiese verhale kan hier 'n belangrike rol speel, want die regte boeke kan kinders bewus daarvan maak dat hul vrese en gevoelens nie uniek is nie. Die verhale kan ook baie bydra tot selfaanvaarding. Dit kan kinders leer om hul positiewe sowel as negatiewe eienskappe te aanvaar. In George Weideman (1994) se *Die optog van die aftjoppers* is die karakter Jacques Joubert lomp en oorgewig, maar hy is ook 'n verbeeldingryke planmaker.

Kinders met 'n gemiddelde liggaamsbou word gewoonlik makliker in 'n groep aanvaar en koester gewoonlik positiewe gevoelens teenoor hulself. Dit is dus duidelik dat kinders se liggaamsbou dikwels 'n groot invloed uitoefen ten opsigte van hoe hulle hulself beleef en hoe ander teenoor hulle optree. Fisiese ontwikkeling het dus 'n invloed op kinders se emosionele en sosiale ontwikkeling (Du Toit & Kruger 1991:109).

2.2.2.3 *Affektiewe ontwikkeling van kinders*

Affektiewe ontwikkeling handel oor die gevoelslewe van kinders. Hierdie aspek van kinders se ontwikkeling is baie belangrik, want nie alleen beïnvloed dit alle aspekte van kinders se ontwikkeling nie, maar dit is ten nouste verweef met kinders se sosiale ontwikkeling. Indien daar probleme voorkom in die sosiale ontwikkeling van kinders kan dit kinders se affektiewe belewing van gebeure beïnvloed (Du Toit & Kruger 1991:55, 86).

‘n Belangrike teorie oor die affektiewe ontwikkeling van kinders is dié van Erik Erikson. Daar moet in gedagte gehou word dat sy teorieë sterk beïnvloed word deur die teorieë van Freud. Hy wyk egter op belangrike punte af van Freud. Anders as Freud is sy teorie ‘n teorie van psigo-sosiale ontwikkeling eerder as psigo-seksuele ontwikkeling. Erikson beklemtoon die belangrikheid van die kind se sosiale omgewing, want die sosiale omgewing kan bydra tot die positiewe sosiale en persoonlike ontwikkeling van kinders (Lefrançois 1992:59; Bukatko & Daehler 1998:22-24).

Erikson verdeel menslike ontwikkeling in agt psigo-sosiale stadiums. Elk van die stadiums word gekenmerk deur ‘n konflik wat veroorsaak word deur die mens se behoefte om aan te pas by sy omgewing. Die wyse waarop die mens die konflik verwerk, beïnvloed die volgende stadiums. Indien die mens die konflik oplos, lei dit tot ‘n gevoel van bevoegdheid ten opsigte van ‘n spesifieke vermoë. Hierdie oplossings van konflikte vind egter nie volmaak plaas binne een stadium nie, maar gaan voort in die daaropvolgende stadiums (Bukatko & Daehler 1998:23; Louw *et al* 1991:62; Lefrançois 1992:59-63).

Erikson se eerste vyf stadiums strek vanaf geboorte tot en met adolessensie. Anders as die ander teorieë veronderstel sy teorie nie dat ontwikkeling ophou met adolessensie nie. Sy laaste drie stadiums omskryf ontwikkeling gedurende volwassenheid (Bukatko & Daehler 1998:22).

Erikson onderskei die volgende vyf stadiums tot en met adolessensie:

a. Vertroue versus wantroue (0 tot ± 18 maande)

Gedurende hierdie stadium moet kinders 'n gevoel van wantroue teenoor 'n wêreld waarvan hulle min kennis dra, oorkom en 'n gevoel van vertroue daarin ontwikkel. In die ontwikkeling van die gevoel van vertroue speel kinders se primêre versorgers, gewoonlik die ma, 'n belangrike rol. Binne gesonde verhoudings leer kinders dat die wêreld voorspelbaar, veilig en liefdevol is. Sodoende ontwikkel hulle genoeg vertroue om die wêreld te verken – in hierdie verkenning moet daar 'n gesonde balans wees tussen wantroue en vertroue (Louw *et al* 1991:62; Lefrançois 1992:60).

b. Outonomie versus skaamte en twyfel (± twee tot ± drie jaar)

Gedurende hierdie stadium ontwikkel kinders meer beheer oor hul eie gedrag en die wete daarvan lei tot 'n gevoel van outonomie. Kinders se outonomie word bedreig deur hul eie geneigdheid om te wil terugkeer na die gemak en veiligheid van die vorige stadium. Hierdie geneigdheid kan lei tot gevoelens van skaamte en twyfel. Die gevoelens van skaamheid en twyfel oor hul vermoëns kan ook veroorsaak word deur die feit dat die samelewing nou reëls en standarde stel vir kinders se gedrag vanweë hul groter outonomie. Dit skep die geleentheid vir mislukking, skaamte en twyfel oor hul vermoëns. Ouers speel 'n belangrike rol om die kind in staat te stel om die konflik op te los en 'n gevoel van outonomie te ontwikkel. Nie alleen moet hulle geleentheid skep vir onafhanklikheid en ontdekking aanmoedig nie, maar hulle moet ook enige mislukking met simpatie hanteer sodat die kinders se selfvertroue nie geskaad word nie (Louw *et al* 1991:63; Lefrançois 1992:60).

c. Inisiatief versus skuld (± drie tot ± ses jaar)

Gedurende die voorafgaande stadium het die kind besef dat hy iemand is – in hierdie stadium moet hy ontdek wie hy is. Met kinders se toenemende verkenning van die omgewing vanweë hul groter bewegingsvryheid, outonomie en taalontwikkeling, ontwikkel hulle 'n gevoel van inisiatief. Kinders

beseef nou dat hulle nie net outonoom is nie, maar dat hulle verantwoordelik is vir hul eie optrede. Die belangrikste proses wat betrokke is by die oplossing van die konflik tussen inisiatief en skuld is identifikasie. Ouers speel steeds 'n belangrike rol. Kinders begin nou om hul geslagsrolle aan te leer en identifikasie met die ouer van dieselfde geslag speel nou 'n belangrike rol. Ouers moet die ontwikkeling van kinders se gevoelens van inisiatief aanmoedig en daartoe bydra dat hulle 'n verantwoordelike sin ontwikkel (Lefrançois 1992:60-61; Louw *et al* 1991:63).

d. Arbeidsaamheid versus minderwaardigheid (± ses tot ± elf jaar)

Kinders het nou 'n toenemende behoefte om deel te wees van hulle groep en deur hul aanvaar te word. Die kind moet nou ontdek dat hy iemand is en dat hy dinge kan doen. Kinders wil dus vaardighede aanleer wat belangrik is vir die groep en noodsaaklik is vir die volwasse lewe. Die samelewing bied kinders geleentheid hiertoe deur skoolopleiding aan die kind te bied. Om hierdie stadium se konflik suksesvol op te los, moet kinders geleentheid kry om sukses te behaal en moet daar positiewe terugvoer wees vanaf hul onderwysers en groep, anders kan kinders nie 'n minderwaardigheidsgevoel oorkom nie (Louw *et al* 1991:64; Lefrançois 1992:61).

Volgens Erikson bevind kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar hul in die psigo-sosiale stadium waar hulle 'n konflik moet oplos tussen arbeidsaamheid en minderwaardigheid (Du Toit & Kruger 1991:121).

Kinders in hierdie ouderdomsgroep se portuurgroep en die suksesvolle aanleer van vaardighede is vir hul baie belangrik. Indien daar 'n gebrek is ten opsigte van die suksesvolle bemeestering van vaardighede kan dit lei tot gevoelens van minderwaardigheid. Verhale oor kinders wat sukkel om 'n vaardigheid aan te leer, kan hier 'n belangrike rol speel om die kind te help om 'n gevoel van minderwaardigheid te oorkom. 'n Voorbeeld van so 'n verhaal is *Anastasia has the answers* deur Lois Lowry (1989). In die boek sukkel Anastasia in die liggaamlike opvoedingsklas om teen die touleer op te klim.

Hierdie onvermoë van Anastasia en haar pogings om dit te oorwin, is die deurlopende tema in die boek.

Kinders in die ouderdomsgroep begin nou nie alleen om 'n verskeidenheid van emosies te eien nie, maar begin ook om hul eie emosies te beheer. Hulle kan nie alleen hul emosies in bedwang hou nie, maar weet ook hoe om hul emosies weg te steek. Kinders in die ouderdomsgroep besef ook dat hulle meer as een emosie gelyktydig kan ervaar en dat emosies met gedagtes beheer kan word, byvoorbeeld deur aan iets aangenaams te dink as 'n mens treurig voel. Omdat kinders nou weet om emosies te onderdruk of weg te steek, kan dit lei tot onder andere depressie, stres, gevoelens van ontevredenheid, slegte buie, humeurigheid. Hulle leer egter ook dat hul van negatiewe emosies onslae kan raak deur sekere aktiwiteite: strawwe oefening, 'n heerlike lagbui of deur te huil (Bukatko & Daehler 1998:365-366; Du Toit & Kruger 1991:120-123). Versigtig gekose verhale wat in ooreenstemming is met kinders se emosionele belewenisse behoort ook, indien kinders aanklank vind by die verhaal en karakters, daartoe by te dra dat kinders ontslae kan raak van sekere negatiewe emosies. Selfs al dien die verhaal bloot net as ontsnapping kan dit daartoe bydra dat kinders se emosionele toestand verander. Die verhale kan ook 'n belangrike bydrae lewer om die konflik op te los tussen arbeidsaamheid en minderwaardigheid. 'n Reeks boeke waarby veral dogters aanklank sal vind, omdat die hoofkarakters se manier van praat en dink eie is aan dogters van die groep, is Paula Danziger se Amber Brown-boeke. Die hoofkarakter Amber Brown het ook haar eie veranderings waarmee sy moet saamleef soos haar beste vriendin wat weggaan en haar aanpassing by 'n stiefpa.

Kinders in die ouderdomsgroep besef ook dat die openbaring van emosies in ooreenstemming moet wees met dit wat die samelewing verwag van 'n seun of dogter en dat dit moet voldoen aan die vereistes van sy portuurgroep (Du Toit & Kruger 1991:121). Met die koms van groter realisme in kinder- en jeugverhale kan die verhale aan kinders nie alleen 'n groter perspektief gee nie, maar dit kan hulle ook help om hul emosies te verwerk en hulle laat besef dat hul emosies aanvaarbaar is. 'n Verhaal van hoë gehalte kan 'n prisma

word waardeur kinders hulself kan beskou – verhale kan kinders help om hul eie gevoelens te verstaan en te hanteer.

Kinders toon gewoonlik die volgende kenmerke in die openbaring van spesifieke emosies:

(a) *Liefde* – alhoewel hul steeds hul liefde fisiek uitdruk, beseft hulle nou dat hulle liefde op ander maniere kan toon. Hul raak nou minder egosentriek en word toenemend sensitief vir gevoelens en behoeftes van ander (Louw *et al* 1991:363).

(b) *Aggressie* – aangesien kinders in die ouderdomsgroep daarna streef om selfstandig en onafhanklik te wees, bevind hulle hul dikwels in situasies wat hul aggressief maak. Hulle begin nou om geskille met kommunikasie op te los, maar sal dikwels geweld gebruik om 'n probleem op te los as gesag afwesig is (Du Toit & Kruger 1991:122). 'n Goedgeskrewe verhaal oor geweld kan die leser onder die indruk bring van die gevolge van aggressie: ontwortelde en geruïneerde lewens, lyding, mors van lewens en energie. Dit kan kinders oortuig dat hul vreedsame maniere moet vind om hulle geskille op te los. Dit bied ook begrip vir ander se optredes en toon hoe maklik dit is om teen mens se aard meegevoer te word. 'n Goeie voorbeeld is H.P. Richter (1970) se *Friedrich* waarin 'n seun deur massahisterie tot sy ontsteltenis opgesweep word om te help om 'n huis te vernietig.

(c) *Jaloesie* – dit kom veral teen 11-jarige ouderdom voor. Hulle toon hul jaloesie deur te terg, leuens te vertel en af te knou (Du Toit & Kruger 1991:122).

(d) *Blydschap* – kinders in die ouderdomsgroep lag baie om sodoende deur hul groep aanvaar te word. Hulle steek hul blydschap dikwels om sosiale redes weg (Du Toit & Kruger 1991:122).

(e) *Vrees* – kinders in die ouderdomsgroep is steeds bang vir denkbeeldige en bonatuurlike magte. 'n Uitstekende prenteboek oor die hantering van vrees

is Rona Rupert (1988) se *Mamma! Ek is bang*, waar die seun elke keer sy ma roep en van sy vrees vertel waarna sy hom dan gerusstel. Die tekeninge dra by tot die hantering van vrees – die monsters is vreesaanjaend, maar liefde en geborgenheid kom sterk deur. Aangesien kinders ‘n groot deel van elke dag by die skool deurbring, hou baie van hul vrese daarmee verband, byvoorbeeld vrees dat hulle die enigstes sal wees wat nie ‘n vaardigheid kan aanleer nie. Kinders in die ouderdomsgroep se vrees hou dikwels verband met aktuele sake byvoorbeeld VIGS, besoedeling, beskadiging van die osoonlaag en velkanker. Hulle behoort dus baie baat te vind by objektiewe feite-boeke wat hieroor handel. ‘n Goedgeskrewe verhaal wat berus op deeglike navorsing kan ook baie doen om kinders se vrese te besweer. ‘n Voorbeeld van so ‘n verhaal is *Die wag op die somer* deur M. Leroux (1983) wat handel oor ‘n jong seun wat bloedkanker het. Kinders identifiseer baie maklik met die hoofkarakter Christo en sy optrede. Hulle leer ook nou om openlike uitinge van vrees, byvoorbeeld deur gesigsuitdrukkings, te onderdruk (Louw *et al* 1991:363; Du Toit & Kruger 1991:122).

e. Identiteit versus identiteitsverwarring (± 11 jaar en ouer)

Gedurende hierdie stadium ontwikkel die kind ‘n eie identiteit. Sekerheid moet nou verkry word oor eie eienskappe, sosiale identiteit en eie waardes en ideale. Die ontwikkeling van ‘n sterk eie identiteit impliseer die ontwikkeling van ‘n sterk ego. Erikson se klem op die ego kom nou sterk na vore. Om die identiteitskrisis op te los, eksperimenteer die adolessent met verskeie moontlikhede (Louw *et al* 1991:64; Lefrançois 1992:62).

2.2.2.4 Sosiale ontwikkeling van kinders

Sosiale ontwikkeling hou hoofsaaklik verband met kinders se verhouding met ander mense, maar dit gaan ook oor die invloed van die samelewing en ander op kinders (Louw *et al* 1991:13).

Ten opsigte van die sosiale ontwikkeling van kinders is daar veral twee verhoudings wat baie belangrik is: kinders se verhouding met hul ouers en

kinders se verhouding met hul portuurgroep. Eersgenoemde dien as verwysingsraamwerk vir die ander verhoudings terwyl kinders se verhoudings met hul portuurgroep aan kinders 'n geleentheid bied om as gelykes behandel te word en op te tree. Kinders beleef binne hul verhouding met hul portuurgroep aanvaarding en erkenning (Du Toit & Kruger 1991:61-64).

Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se sosiale ontwikkeling verskil geweldig van dié van voorskoolse kinders. Gedurende die voorskoolse jare bestaan kinders se sosiale wêreld hoofsaaklik uit hul gesin, familieleden en vriende, terwyl kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se sosiale wêreld aansienlik groter is omdat hulle nou skoolgaan. Kinders in die groep, anders as die egosentriese voorskoolse kinders, is sensitief vir ander se gevoelens en behoeftes en wil hulself in sosiale verhoudings waag (Du Toit & Kruger 1991:125).

Alhoewel die ouers se aanmoediging, liefde, steun en begeleiding steeds vir die kinders belangrik is, maak die kinders hulle geleidelik los van hul ouers en word die rol van die portuurgroep al hoe belangriker. Volwassenes is nie meer vir die kinders 'n onbevraagtekende bron van waarheid nie. Vir kinders van die ouderdomsgroep het die groep nou die belangrikste outoriteit geword. Groepsinvloed word ook toenemend belangrik ten opsigte van opinies en gesag. Die kinders is dan ook geneig om hulself te sien soos ander hulle sal sien (Tucker 1981:111; Gillespie & Connor 1975:176-178).

Verhale kan hier 'n belangrike rol speel om kinders te help om hul eie reaksies te verstaan. Verhale wat veral kan help, is dié waarin 'n gesonde gesinslewe steeds uitgebeeld word, maar die karakters nou ook deel word van 'n groter groep. Net soos die sprong vanaf huis na skool met behulp van verhale 'n aangename ondervinding kan word, net so kan verhale hier 'n belangrike rol speel. In die verhaal *a Gift of magic* van Lois Duncan (1993), leer Nancy dat haar suster Kirby deel van hulle gesin kan wees en terselfertyd 'n lewe as suksesvolle danseres kan hê.

Die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die sosiale ontwikkeling van kinders, want dit bied onder andere aan hulle die geleentheid om hul sosiale vaardighede te oefen. Boonop word vriendskap en gewildheid beskou as die twee veranderlikes wat 'n beduidende invloed het op die ontwikkeling van kinders. Vriendskap gee aan kinders 'n gevoel van behoort en speel 'n belangrike rol ten opsigte van 'n positiewe selfbeeld. Dit bied ook aan kinders 'n waardevolle geleentheid om hul sosiale vaardighede te oefen. Dit wil voorkom asof kinders wat nie oor die nodige sosiale vaardighede beskik nie, gewoonlik ongewild is. Louw *et al* (1991:384) beweer dan ook dat ongewildheid een van die veranderlikes is wat in 'n groot mate met latere gedragsprobleme of emosionele versteurings korreleer. Volgens Goleman (1995:251-253) is dit wel moontlik om kinders se gewildheid te verhoog deur hul die sosiale vaardighede aan te leer van diegene wat gewild is, byvoorbeeld om te luister na ander, hulp aan te bied of om belangstelling te toon. Verhale behoort in die proses baie suksesvol ingespan te kan word. Verhale kan immers gebruik word om kinders te wys op onaanvaarbare gedrag en die vervanging daarvan met aanvaarbare gedrag. 'n Goeie voorbeeld van so 'n verhaal is *Miek* deur K. Henkes (1994) wat handel oor 'n kleinding se verknogtheid aan sy trooskombersie.

Die portuurgroep speel 'n belangrike rol nie alleen in die sosiale ontwikkeling van kinders nie, maar ook in die algehele ontwikkeling van kinders. Die portuurgroep bied aan kinders 'n geleentheid om geleidelik onafhanklik van hulle ouers te word, want dit voorsien in hulle behoeftes om te behoort, goedkeuring te kry en aanvaarding te ondervind. Hierdie aanvaarding deur die portuurgroep is baie belangrik, want dit dra by tot die vorming van 'n positiewe selfbeeld en help kinders om hulself te aanvaar. Verhale kan 'n belangrike rol speel om kinders te laat beseft dat hul aanvaarbaar is en dat hulle vrese en gevoelens nie uniek is nie, maar dat ander lede van die groep ook so voel. 'n Leser kan byvoorbeeld nadat hy die boek gelees het homself, sy eie verwarde emosies en ander se optrede beter verstaan. Hy kan byvoorbeeld bewus word daarvan dat dinge nie altyd is soos dit lyk nie. Dit kom byvoorbeeld baie duidelik na vore in *Spinnekopsomer* van Maretha Maartens (1992) waar Leendert beseft dat hy glad nie vir Rudolf ken nie: "Leendert staar na die

woorde in die skewe handskrif. Rudolf? So iets dink 'n mens nie uit nie.“ (Maartens 1992:50). Die portuurgroep bied ook aan kinders 'n waardevolle geleentheid om hulself te handhaaf, want anders as met hulle ouers bevind hulle hul nou in verhoudings waar hul gelykes is. Die portuurgroep is ook vir kinders 'n waardevolle bron van inligting en kennis en dit bied aan hulle die geleentheid om dit oor te dra, byvoorbeeld deur mekaar te leer om op die Internet te swerf (Du Toit & Kruger 1991:127-128; Louw *et al* 1991:379). Kinders lees ook dikwels boeke omdat dit deur hulle groep aanbeveel is.

Die portuurgroep het natuurlik nie net voordele nie. Kinders in hierdie ouderdomsgroep kan ook 'n negatiewe invloed op mekaar hê. Onafhanklike aksie en denke word vermy in 'n groep en individue sal dikwels teen hul beterwete optree (Gillespie & Connor 1975:177). Palmer (1995:90) sluit hierby aan as sy daarop wys dat daar selde in groepverband gesoek word na boeke en dat kinders verkies om dit alleen na skool te doen. Verhale kan 'n rol speel om die negatiewe invloed van die portuurgroep teen te werk. 'n Ondersoek wat gedoen is deur die *Children's Literature Research Centre (Contemporary juvenile reading habits* 1994:91-93) het aan die lig gebring dat meer as die helfte van die respondente van mening is dat boeke hul gesindheid verander het ten opsigte van rook en dwelms. Die boek wat die meeste genoem word, is die hoogs ontstellende *That was then, this is now* (1971) deur S.E. Hinton. Verhale word nie beskou as 'n aanmoediging om met die bogenoemde te eksperimenteer nie – dit wil eerder voorkom asof dit 'n effektiewe manier is om kinders te help om te dink oor die gevare en anti-sosiale aspekte van eksperimenteer met dwelms.

2.2.2.5 Morele ontwikkeling van kinders

Morele ontwikkeling kan omskryf word as die proses waardeur kinders leer watter gedrag deur 'n gemeenskap aanvaar word as reg of verkeerd. Kinders leer ook om hulle gedrag volgens beginsels te rig (Bukatko & Daehler 1998:408). Du Toit en Kruger (1991:64-68) wys daarop dat elke gemeenskap en gesin sy eie beginsels het ten opsigte van dit wat reg en verkeerd is. Die gemeenskap verwag dan ook van kinders, wanneer hulle hul gedrag kan

beheer, om te konformeer ten opsigte van die gemeenskap se reëls en beginsels wat sosiaal aanvaarbare gedrag beheer, as interaksie met ander in die gemeenskap ter sprake kom. Ouers, asook ander lede van die gemeenskap, kan 'n bydrae lewer tot die morele ontwikkeling van kinders deur die versterking van sosiaal aanvaarbare gedrag (Bukatko & Daehler 1998:408-429).

Ten opsigte van morele ontwikkeling is daar uiteenlopende teorieë. Twee navorsers wat 'n baie belangrike bydrae gelewer het, is Piaget en Kohlberg.

Piaget, sowel as Kohlberg, is van mening dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen kognitiewe en morele ontwikkeling. Hulle is ook van mening dat alhoewel kognitiewe ontwikkeling 'n voorvereiste is vir morele ontwikkeling hoë vlakke van kognitiewe ontwikkeling nie 'n hoë mate van morele ontwikkeling verseker nie.

Piaget is van mening dat kinders jonger as vyf jaar pre-moreel is – verstaan nie reëls nie en spreek hulle nie uit teen die verbreking daarvan nie. Kinders van ongeveer vyf tot ongeveer 10 jaar beskou reëls as onveranderbaar en heilig. Teen ongeveer 10 jaar betree hulle die laaste fase van morele ontwikkeling (Louw *et al* 1991:358).

Die grootste verskil tussen Piaget en Kohlberg hou verband met Piaget se siening dat kinders se morele ontwikkeling teen ongeveer 10 jaar voltrek is. Kohlberg glo daarenteen dat morele ontwikkeling baie langer aanhou.

Kohlberg onderskei drie vlakke van morele ontwikkeling wat elk in twee stadiums verdeel word (Mussen *et al* 1974:446-448):

(a) *Pre-konvensionele vlak* – in die eerste stadium word die kind gelei deur straf en gehoorsaamheid (bloot gehoorsaam omdat hy straf wil vermy). In die tweede stadium word die kind gelei deur naïewe hedonisme (kies regte gedrag om 'n beloning te kry of omdat dit in iemand se belang is).

(b) *Konvensionele vlak* – in die stadium word moraliteit beskou as 'n wyse waarop ander se goedkeuring bekom kan word. In die tweede stadium word daar gesteun op die reëls van gesag.

(c) *Post-konvensionele vlak* – in die eerste stadium word moraliteit beskou in terme van kontraktuele verpligtings en demokraties-aanvaarde wette. In die tweede stadium word daar opgetree volgens individuele gewetensbeginsels.

Volgens Piaget vind daar geweldige veranderings ten opsigte van morele ontwikkeling plaas by kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar. Aan die begin beskou hul reëls as onveranderbaar en heilig – dit is vir die kind 'n verlengstuk van 'n hoër gesag (byvoorbeeld ouers). Teen ongeveer 10 jaar dink kinders minder egosentries – hul openbaar nou 'n groter morele buigsaamheid. Hulle besef nou dat reëls nie heilig en onveranderbaar is nie, maar dat dit buigsaam is en opgestel word deur feilbare mense. Aanvanklik glo kinders dat alle oortredings gestraf moet word en is hul nie in staat om versagende omstandighede in ag te neem nie. Later besef hulle egter dat die voorneme van die mens in ag geneem moet word (Louw *et al* 1991:355). Kinders beskou dus nou nie meer gedrag as reg of verkeerd nie. Hulle kyk nou na gedrag in konteks en besef dat die situasie gedrag beïnvloed. Hulle beskik nou oor buigsaamheid om ingewikkelde situasies te hanteer. Kinders oordeel nou nie meer net die daad nie, maar ook die motivering agter die daad en die resultaat daarvan (Tucker 1981:126).

Piaget is van mening dat die laaste fase van morele ontwikkeling teen ongeveer 10 jaar plaasvind, terwyl Kohlberg glo dat kinders van hierdie ouderdom ver verwyder is van 'n vlak van morele ontwikkeling wat deur individuele gewetensbeginsel gekenmerk word (Louw *et al* 1991:359).

Kohlberg meld voorts dat kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar hul nog bevind in die pre-konvensionele vlak van morele ontwikkeling (Du Toit & Kruger 1991:133).

Sutherland (1996:433) wys op die belangrike rol wat verhale kan speel in die morele ontwikkeling van kinders en wys daarop dat kinders deur die lees van realistiese verhale geleidelik tot 'n besef kom van reg en verkeerd. Volgens haar verstaan kinders nie altruïsme nie, maar verstaan hulle wel dapperheid, regverdigheid en goedhartigheid.

2.2.3 Kurrikulêre inligtingsbehoefes

Baie van die kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se inligtingsbehoefes hou verband met skoolgebaseerde opdragte. Dikwels prikkel dit wat hulle in die klas doen hulle ook om meer oor die onderwerp te lees. Kinders in die groep begin ook nou om inligting uit verskeie bronne te kombineer.

2.2.4 Persoonlike inligtingsbehoefes

Kinders het ook inligtingsbehoefes wat spruit uit die spesifieke situasie waarin hulle hul bevind. Kinders het betroubare bygewerkte inligting nodig wat hul sal help om besluite te neem ten opsigte van hul persoonlike behoeftes (Fourie 1991:3). Volgens Spink (1989:137) is kinders op soek na hulself – hulle wil hul eie unieke smaak, belangstellings, geloof, waardes, vermoëns en menings ontdek. Lees is een van die maniere van selfontdekking.

2.3 LEES- EN GEBRUIKGEDRAG VAN DIE GROEP

Fitzgibbons (1983:9) wys daarop dat die leesgedrag van kinders baie verander het in die laaste paar dekades omdat media 'n groot invloed daarop het en omdat die wyse van onderrig verander het. Dit het 'n meer gesofistikeerde gebruiker tot gevolg wat nie meer met tradisionele benaderings tevrede is nie. Hierdie kinders leef in 'n inligtingstegnologiese omgewing waarmee hulle vertrouwd en vaardig is. Kinders is gewoond om rekenars en multimedia te gebruik vir ontspanning sowel as inligting (Lonsdale 1995:85).

Kinders in die groep agt tot elf jaar is dus heeltewel in staat om 'n gerekenariseerde inligtingsoektog uit te voer. Solomon (1993:246-247) het 'n ondersoek uitgevoer na die gebruik van OPAC's in 'n openbare biblioteek deur kinders in die ouderdomsgroep. Hy het bevind dat kinders oor die vaardigheid, vermoëns, belangstelling en behoeftes beskik wat hul ideale gebruikers maak van rekenaars in inligtingsoektogte.

Ten opsigte van die uitvoer van inligtingsoektogte deur kinders in die ouderdomsgroep is die bevindings van Moore en George (1991:161-167) baie belangrik. Hulle het bevind dat kinders in die groep aansienlike vlakke van frustrasie ondervind as hulle take kry wat die herwinning van inligting behels. Kinders in die groep het nog 'n beperkte kennis van onderwerpe. Hulle sukkel dus om soektogte te verfyn, uit te brei en verwante terme te genereer vir die soektogte. Die meeste kinders in die groep weet tot 'n mate hoe om inligting en boeke op te spoor, maar hul weet nie wat om te doen wanneer probleme opduik nie. Hulle beveel dan ook aan dat hierdie kinders onderrig moet word in denk- en probleemoplossingsvaardighede sodat hulle dit kan aanwend in die herwinning van inligting.

Wat hul leesgedrag betref, is daar verskeie interessante opnames gemaak. So het Thorpe (1988:66-70) bevind dat kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar hul boeke op die volgende maniere kies:

- (a) Persoonlike aanbevelings speel die grootste rol in die keuse van boeke. Dit geskied nie alleen vanweë die groot waarde wat hierdie kinders aan hulle groep heg nie, maar ook omdat dit vir hulle 'n gerieflike uitweg is.
- (b) Bekendheid met boeke, outeur, reeks, onderwerp en inhoud speel 'n belangrike rol. Kinders in die groep hou daarvan om dieselfde boek oor en oor te lees. Hulle is baie lief vir reekse, byvoorbeeld *Sweet Valley Twins* deur F. Pascal. Die boekomslag speel ook 'n belangrike rol, want hulle moet kan identifiseer met die karakters op die omslag.

Volgens opnames deur *The Children's Literature Research Centre* (*Contemporary juvenile reading habits* 1994:15-17) wil kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar hulp hê met die keuse van boeke. Ouers, vriende, en onderwysers is die sleutelinvloede as dit kom by die keuse van boeke. Hulle hou ook baie daarvan om met vriende te gesels oor boeke. Tydens hierdie fase is hulle baie leesgierig en is dit baie belangrik dat dit benut moet word sodat daar entoesiastiese lesers geskep kan word. Hulle het ook bevind dat die televisie 'n groot invloed uitoefen op die keuse van leesstof vir kinders in die spesifieke ouderdomsgroep.

Alhoewel die tipe boeke wat kinders in die groep geniet geweldig varieer, wil dit voorkom asof hulle veral hou van verhale met humor, fantasie, avontuur, diere en realistiese verhale. Hulle lees ook meestal fiksie. Dit wil voorkom asof seuns meer van feiteboeke hou, terwyl meisies verhale verkies. Die tipe feiteboeke waarvan seuns en meisies hou begin ook nou om baie te verskil (Elley & Tolley 1972:20).

Kinders in die ouderdomsgroep lees ook graag tydskrifte. Volgens Tucker (1981:133-135) is strokiesprente die vernaamste vorm van tydskriflees. Dit wil voorkom asof strokiesprente se gewildheid toegeskryf word aan die humor en toeganklikheid daarvan vanweë die min woorde.

Carter (1986:9-13) het 'n ondersoek onderneem na vorige navorsing oor leesgedrag. Hieruit het sy bevind dat kinders hul boeke veral op die volgende maniere bekom: neem uit by skoolbiblioteke, openbare biblioteke, leen by maats, koop dit of kry dit as geskenke.

2.4 SAMEVATTING

Dit blyk duidelik dat kennis van kinders se inligtingsbehoefte waardevol is, want dit bied nie alleen insig in die gedrag en gevoelslewe van kinders nie, maar kan ook 'n waardevolle bydrae lewer om die regte boeke en die regte kinders bymekaar te bring.

Daar bestaan verskeie basiese inligtingsbehoefte. Uit die bespreking van die behoeftes is dit duidelik dat verhale baie daartoe kan bydra om die behoeftes te bevredig. Dit dra nie alleen by om die behoeftes te bevredig nie, maar help kinders ook om hul behoeftes beter te verstaan en te besef dat dit nie slegs hulle is wat die behoeftes ervaar nie.

Uit die bespreking van die inligtingsbehoefte wat verband hou met die ontwikkelingstadia van kinders is dit duidelik dat verhale die fisiese, geestelike en emosionele groei van kinders op verskillende stadia van ontwikkeling steun. Kennis van die ontwikkelingstadia van kinders dra ook daartoe by dat die korrekte keuses van verhale gemaak word, want dit is 'n goeie aanduiding van dit waarin kinders op 'n spesifieke stadium belangstel. Daar moet net te alle tye in gedagte gehou word dat kinders uniek is en teen hulle eie tempo ontwikkel. Verhale kan ook 'n belangrike rol speel om kinders te help om hul eie ontwikkeling te verstaan.

Dit blyk duidelik dat die skool 'n belangrike rol speel in kinders se inligtingsbehoefte, want hul behoeftes aan inligting hou dikwels verband met die werk wat in die klas gedoen word.

Verhale speel 'n belangrike rol om kinders te help om hulself te ontdek.

Die volgende hoofstuk handel oor die biblioterapeutiese prosesse. Daar gaan onderskei word tussen kliniese en ontwikkelingsbiblioterapie. Die doel van biblioterapie, die stappe in die biblioterapeutiese prosesse en die voor- en nadele van biblioterapie gaan bespreek word.